Ps. 68: 9 II **Die Kerk onder d. Kruis** | Aand. 17. Sept. '61.

Ges. 28: 1, 3, 4 Openb. 2: 8-11 +

" 152: 2.

Openb. 2: 10 – Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die Kroon v.d. lewe gee.

Dis die Kortste brief van die 7 wat ons besig is om as reeks in ons aanddienste te behandel – maar juis daarom dra dit besondere Karakter. Dis 'n brief aan 'n Kerk in vervolging – dan vol teerheid en ontferming, dan van soveel betekenis vir Xtene wat vervolging en marteling moet verduur. Ons Christene van SA. sal dit dan nie baie kan waardeer nie – nie voordat ons onsself ingeleef het i.d. plek van [illegible] Christene in Oos-Duitsland, in Hongarye, in Tibet, in China. Daar – onder hulle – word hierdie briefie gelees en herlees soos 'n lafenis aangebied in dor land.

Die Stad Smirna:

① Dis baie verstaanbaar dat die 2e brief aan Smirna ging sou wees – die groot mededingende hawestad met Efese. Van alle stede in Asië was dit die mooiste: tereg genoem die Kroon, die blom van Asië

② Nie net pragtig geleë met heerlike lawende seebries uit d. Weste wat die stad deurwaai het nie, maar ook groot handelstad – die veiligste hawe gehad wat opstyg na omliggende heuwelkring w/op reeks van sierlike tempels & praggeboue elk sonlig geskitter het: genoem die Kroon v Smirna

③ Stad in 1000 v.X. opgerig as Griekse Kolonie – in 600 v.X. verwoes & verlaat; in 200 v.X. weer herbou & herken – pragtig beplan. Dan al d. Xtene alte goed verstaan as Xtus Hom beskryf as die Een wat dood was en nou lewe (treff. ooreenkoms Stad)

④ Stad v. Kuns, Kultuur, Kennis: pragtige sport-

stadium, openbare biblioteek, teater ens.
⑥ ~~In stad: getrou aan Rome~~,
⑦ Groot getal Jode as vlugtelinge daar kom vestig – ryk en invloedryk geword. Juis deur hulle rykdom & posisie was hulle meer as enige ander groep die mense wat leidende aandeel geneem het in die vervolging van die Christene. Hier dat biskop Polycarpus in 155 n.X. doodgemartel is op 86 jarige leeftyd.

Hoe Xtus H/s aandui: (Vs. 8)

a) „Die eerste en d. laaste". Smirna se mense wou so graag as die vernaamstes gesien word – elkeen wou eerste wees, hoogste op d. leer. Xtus maan hulle d. Xtene betyds & sê: Ek is nie net d. eerste nie mr. ook d. laaste ...
b) Wat dood was en lewend geword het: Die w.d. hier dood = 'n verbygaande fase = Ek was nr. het dit oorkom – terwyl lewend geword beteken: Ek het deur d. dood gegaan en is hier altyd lewendig! Die sêvierende! (Betekenis hier gemeente)

Hoe Xtus hulle Aanspreek: (Vss. 9-10)

① Beproewing: „Ek ken jou verdrukking". Die woord hier beteken eintlik om iets te pers – die otene wat deur hulle gemig Kosing fyngemaal of die rooi sap uit die trosse pers. Dis asof Xtus hier die gemeente sê: Ek sien hoe jy fyngemaal word in jou vervolging

② Beroming: „Ek ken jou armoede" – die woord hier armoede hier nie die Gr woord wat meer dat ek niks oortollig het, maar wel die w.d. wat meer dat ek niks het, abs. niks!
Rede? Die een vlaag v. vervolging na d. ander.

Altyd het die swaard oor die mense se kop gehang – die vreeslike onsekerheid van mense wat nooit geweet het as hulle die nag gaan slaap het of hulle nog die volgende dag sou lewe nie. Altyd d. aanhitsing v. mede-Jode wat d/deur hulle populariteit en posisie by d. heid. owerheid van versekert. Dan noem Xtus d. stad: 'n sinagoge v.d. Satan

③ Bespotting: „Die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie". Daar was baie die volgende valse, verdraaide aanklagte wat teen d. Xtene gedoen is (lastering hier nie teen God maar teen mense):
– Beskuldig dat hulle mense ge-eet het omdat met Nagmaal gesê is: Dit is my bloed
– Beskuldig dat hulle huise opbreek omdat die aanname v. Xtus baie huise verdeel het
– Beskuldig dat hulle politiek dislojale burgers was, potensiële revolusionêrs omdat hulle nie wou bely: „Caesar is Here" nie! Ja, hoe maklik verdraai mense 'n Xten se belydenis & sy opregte oortuiginge. Xtus sê: Ek ken al h.d. dinge – ook h.d. valse aanklagte! Watter wond-oorenkoms tussen Xtus se lewe & d. gemeente se geskiedenis!

Hoe Xtus hulle Bemoedig (Vs. 10 en 11)

① Geen woord van vermaning of bestraffing in h.d. brief. Nie omdat hulle sonder skuld was mr. omdat hulle reeds so swaar vervolg & verdruk was. Dan besondere woord van aanmoediging: „Julle is ryk" – geldelik brandarm,

nr. geestelik skatryk: omdat julle ryk is in liefde, in lydsaamheid, in waarheid, in nedrigheid, in barmhartigheid! Is dit nie verbasend dat Xtus sê: die rykdom van 'n Kerk lê nie in sy bankrekening of sy spoggebou of sy lidmate se groot inkomste nie — dis baiekeer juis d. arm Kerk wat die ware rykdom besit, teenoor d. ryk Kerk die brandarme is! Kerk wat ly is Kerk wat lewe!

② Geen belofte van verligting: God gee nie d. minste hoop dat hulle lyding gespaar gaan word nie — inteendeel: Hy waarsku hulle dat hulle 10 dae lank verdrukking gaan hê (verklaar) en dat sommige in d. tronk gaan land — ja die hele gemeente gaan getoets & op d. proef gestel word! (Polycarpus se marteldood as bewys)
God sê stilte soms sy hoogste lof!

③ Ryke Beloning Gebied: „Wees getrou tot d. dood toe en Ek sal jou d. Kroon v. d. lewe gee"

Getrou — Kroon = hulle het bestaan

Getrou: Gevaar van Xtus verloën deur toe op te gooi, deur onreg met onreg te vergeld, deur te antwoord met spot, wrewel, gekneer ens. Nee, sê Xtus — dis alles tekens van ontrou: Xtene werk nie so nie — Xtene kneer nie in d. donker nie!

Kroon: = στεφανος = vreugdes- & oorwinnings-kroon — dis wat ons kry: teken van oorwinning (Xtus oorwin), van getrouheid (magistraat), van feesvreugde, van gemeenskap, van d. ewige lewe!
= διαδημα = Koninklike Kroon

→ Ons as gemeente oortuig dat ~~Xtus~~ God dit sal ontvang? Watter prys betaal ons vir ons geloof? Wat kos ons godsdiens ons?